DIE HOËR TEGNIESE SKOOL PRETORIA-TUINE

POSBUS 49196
HERCULES
0030

COMMERCIALSTRAAT 1025
PRETORIA-TUINE
PRETORIA
0082

TEL: (012) 379 2181/2 · FAKS: (012) 377 1254 · kantoor@htstuine.co.za · www.htstuine.co.za

21 Januarie 2019

HTS PRETORIA-TUINE SE TOEKOMS

Dit het onder ons aandag gekom dat gerugte die rondte doen dat die voortbestaan van die skool in die weegskaal is.

Ons wil graag ons Ouers/Voogde, Leerders, Ondersteuners en Vriende die versekering gee dat HTS Pretoria-Tuine van krag tot krag gaan en wel om die volgende redes:

- Die leerder getalle het die afgelope paar jaar gegroei - hierdie jaar alleen met ± 75;
- Matriekuitslae het deur die jare verbeter - 100% in 2016 & 2017 en 93% in 2018;
- Bied 6 tegniese vakke aan in goed toegeruste tegniese sentrums;
- Ons onderwyskorps tel onder die bestes - twee onderwyseresse ontvang in 2018 distriks-toekennings vir puik uitslae wat leerders behaal het;
- Personeel offer baie tyd op om leerders akademies te ondersteun - intervensieprogramme en ekstra klasse word aangebied.
- Al die verskillende sportkodes vaar uitstekend. Die skool word as top sportskool in 2017 aangewys.
- ‘n Gim is tans in aanbou - na voltooiing kan gemeenskap ook hier inskakel;
- Op kulturele vlak word leerders deur bekwame en passievolle personeel onderrig;
- Die leessentrum lewer ‘n groot bydrae tot die verbetering van leerders se akademiese prestasies.
- Die skool kan spog met goeie dissipline wat gehandhaaf word onder leiding van dissiplinêre beamptes.
- Leerders word ook ondersteun om met beraders ‘n pad te loop indien hulle probleme het.

Eintlik staan die skool aan die begin van ‘n nuwe fase in die skool se geskiedenis, want .....

- die proses om die vakante hoofpos te vul skop binne die volgende week of twee af;
- ons is besig met al die beplanning om ‘n koshuis op die skoolterrein te bou. Uit al die navrae wat ons al vir koshuisverblyf ontvang het, het ons hierdie behoefte geïdentifiseer.

So kan ons aanhou en aanhou voortborduur oor HTS Pretoria-Tuine .....

In die lig daarvan dat duisende kinders jaarliks in skole geplaas moet word, is dit onwaarskynlik dat die Gautengse onderwysdepartement sommer ‘n funksionerende skool sal sluit.

Ons sal dit hoog op prys stel indien u sal help om hierdie “veldbrand” te blus.

HTS Groete

L M DU PLESSIS
wnde Hoof